



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BIngHons Waterbenuttingsingenieurswese (12240103)

Duur van studie 1 jaar

Totale krediete 128

Programinligting

Die leergang word in oorleg met die betrokke departementshoofde bepaal. 'n Student moet in modules met 'n totaal van minstens 128 krediete slaag.

Die graad word slegs op grond van eksamens toegeken.

Toelatingsvereistes

Behoudens die bepaling van Reg. G.1.3 en G.54 word 'n BIng-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie vir toelating vereis.

Ander programspesifieke inligting

'n Beperkte getal toepaslike modules uit ander departemente en ander afdelings van Chemiese Ingenieurswese word toegelaat.

Nie alle modules wat hier gelys is, word elke jaar aangebied nie. Raadpleeg asseblief die departementele nagraadse brosjure.

Eksamens en slaagvereistes

- i. Die eksamen in elke module wat die student volg, word in die eerste normale eksamentydperk na afsluiting van klasse (dit wil sê Oktober/November of Mei/Junie) afgeneem.
- ii. 'n Student vir die honneursgraad moet sy of haar studie in die geval van voltydse studente binne twee jaar, en in die geval van na-uurse studente, binne drie jaar na eerste registrasie vir die graad voltooi, met dien verstande dat die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, in buitengewone omstandighede 'n vasgestelde beperkte verlenging van die tydperk kan goedkeur.
- iii. 'n Student moet in elke module minstens 50% in die eksamen behaal waar 'n semester- of jaarpunt nie vereis word nie. 'n Module mag net een maal herhaal word.
- iv. In gevalle waar daar wel 'n semester- of jaarpunt toegeken word, word 'n minimum eksamenpunt van 40% en 'n finale punt van 50% vereis.
- v. Geen her- of spesiale eksamens word op nagraadse vlak toegestaan nie.



Slaag met lof

'n Student slaag met lof as hy of sy 'n geweege gemiddelde van minstens 75% behaal het in die eerste 128 krediete waarvoor geregistreer is (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit). Indien die student enige module druip (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit), kan die graad nie met lof behaal word nie.



Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 128

Kernmodules

Biologiese waterbehandeling 780 (WBW 780) - Krediete: 32.00

Chemiese waterbehandeling 780 (WCW 780) - Krediete: 32.00

Watergehaltebestuur en navorsing 780 (WQB 780) - Krediete: 32.00

Nywerheidsafvalingenieurswese 780 (WAI 780) - Krediete: 32.00

Skeidingstechnologie 732 (CSK 732) - Krediete: 32.00

Prosesintegrasie 732 (CIP 732) - Krediete: 32.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.